# MPUMULANGA  S.A. BOERPERD KLUB – JAARVERSLAG 2018/19

Die Hoëveld Klub het vergader op 25 Augustus 2018 te Leeupan by Sanlouw SA Boerperd Stoet. Daar is n besluit geneem om die Streeksskou te hou vanaf 21-23 Maart saam met die Appel Fees op Ermelo skou gronde. Die reëlings is getref deur Jannie Jacobsz en die Appel Fees skoukommitee. Die rede was om meer lede en mense van buite af te betrek na die skou. Die toekening van pryse in klasse was afsonderlik toegeken:  Boerperde en Ander rasse.

Die skou was bygewoon deur 54 Perde wat aansienlik minder is as die 84 van die vorige jaar

Die klub se lede getal bly gesond, daar is geen groei in ledegetalle nie en betrokkenheid by klub aktiwiteite is aan die afneem, ons plesierrit wat gehou was by Elandskloof Plaas Dullstroom was nie goed ondersteun nie.
Dit gaan finansieël goed met die klub, fondse wat bestendig bly waaroor ons baie dankbaar is.

Raadslede wat verkies is op 4 November is:

| | | |
|---|---|---|
| Bestuur: | Voorsitter: | G. Minnaar |
| | Visie-Voorsitter: | M. Lourens |
| | Sekretasesse: | J. Roux |
| | Tesourier: | M. Jacobsz |

Addisionele lede:  F. Combrink,  J. Jacobsz, S. Kritzinger en T. Kritzinger, D. de Wet

Mpumalanga Hingskeuring is die jaar nie sentraal gehou nie maar by lede,daar is totaal 10 hingste voorgebring waarvan 7 gekeur is.

Ons vergader weer op 7 September 2019 en sal almal op hoogte hou van die belangrike datums.

Baie Dankie

George Minaar